

Dinsdag 10 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 139

Fokusgedeelte: Psalm 139:7 (1983-vertaling)

Die Gees ontvlug?

Dit is so menslik – om God te probeer ontvlug:

- Adam en Eva gaan kruip weg in die tuin;
 - Jona vaar die see in;
 - Petrus sê: “Ek ken Hom nie ...”;
 - en ons probeer ons sondes wegsteek en skuil agter ons eie grootheid.
- Die Gees ontvlug? Nee, jy kan nie! God is alomteenwoordig (Ps. 139:7-12). Oral waar ek sou gaan, is God. Selfs as ons in die donker probeer wegkruip, skyn die lig van God oor ons.

Tog is hierdie wete nie vreesaanjaend nie, maar juis vol liefde en genade. Met ons sondes kan ons God nie ontvlug nie, maar die liefde is juis so groot dat Jesus die straf daarop klaar gedra het. Nou is die troos dat God my altyd sien en altyd ken.

Die Heilige Gees het in my hart kom woon. Hy laat my my sondes ontdek, leer my om daarom Jesus as Verlosser te soek en om uit dankbaarheid as nuwe mens in Christus te leef.

Die Heilige Gees gee my die heerlike wete van die sekerheid van 'n Christenlewe, “dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort” (Heidelbergse Kategismus, antwoord 1).

- Hy gee my lig in die lewensdonkerhede;
- Hy tel my op as ek struikel;
- Hy dra my as ek nie verder kan nie;
- Hy is altyd by en met my.

Die Gees ontvlug? Ja, deur ons sondelewe probeer ons dit doen. In ons traak-my-nie-agtigheid in ons godsdiens en ongehoorsaamheid aan die Woord probeer ons wegkruip. Nou is dit nog genadetyd. As jy wil wegkruip en vlug, is daar vir jou net een plek. Vlug na God toe! Alleen by Hom is daar liefde, genade en lig.

Sing: Psalm 139-1:1

Ds. RG Aucamp (Roelie) (emeritus)